Dankbaarheid

Uittreksel van pastoor Neser se preek: B305b Eng./Afr.
Skriflesing uit: Lukas 17:11-19

Kernvers: 17 –'Toe antwoord Jesus en sê: Het tien nie rein geword nie? En waar is die nege?'

Ons hoor die hartseer van Jesus in sy stem as hy vra: waar is die nege? Hy het besef dat daar net een uit die 10 melaatses teruggekom het om dankie te sê.

In hierdie moderne tyd kry ons nie baie te doen met melaatsheid nie, omdat daar inrigtings is daarvoor en die medisie het slim geword en dit kan behandel word. Maar in die Bybel dae was dit 'n verskriklike lot wat so iemand getref het. Hulle was buite die stad verban met geen geriewe nie, hulle familie moes hulle verwerp en hulle het in grotte skuiling gesoek.

En toe Jesus daar verbykom, het hulle na Hom geroep met 'n harde stem en gesê: 'Jesus, Meester, wees ons barmhartig!' En Jesus het hul innig jammer gekry en hulle gesond gemaak; maar toe hulle dit sien, het hulle stilgebly en net een uit die tien het teruggekom om sy dankbaarheid aan Jesus te toon.

Dit is 'n hartseer saak hierdie wat nogsteeds in ons midde is. Hierdie preekstoel kan getuig van menige wonderwerke wat al in hierdie kerkie plaasgevind het maar diegene wat terug gekom het om te getuig is maar 'n handjievol.

God se volk was dwarsdeur die eeue so 'n ondankbare volk. Dink aan al die wonderwerke wat God gedoen het om hulle uit slawerny te verlos, die klowing van die Rooi See, Manna uit die hemel, water uit die rots…..maar hulle het aangehou om te murmereer!

Selfs in ons eie lewens moet ons, ons bekeer van ondankbaarheid. Mag God ons harte roer tot dankbaarheid en waardering en dat ons dit sal wys!

Die Here se oor is altyd oop om die hulpgeroep van Sy kinders te hoor, maar ons moet Hom die eer gee wat Hom toekom. Melaatsheid van die siel is veel erger as daardie fisiese melaatsheid van die 10 melaatses….